

Gemeentebrief Julie 2021

In en uit in Covid-tyd

Afrikaans is 'n wonderlike taal. Ons taal groei steeds, en hoewel ek nie altyd die suiwerste Afrikaans praat nie, waardeer ek goeie Afrikaans. Met die koms van Covid, net soos met die koms van internet destyds, moes ons skielik baie nuwe Afrikaanse woorde skep. En soms, net soms, dan wonder ek, want wat is 'n potgooi – wie op aarde het dit uitgedink? Dit klink laf as ek dit sê!

Grendeltyd en die vlakke daarvan is nou al oorbekend. Mense gebruik die woord vaksiene vir entstof. En die nuwe normaal, soms met hoofletters geskryf, wil nie uit ons woordeskat wyk nie.

Ons gemeentekinders weet ek is baie lief vir teenoorgesteldes. Ek gebruik dit dikwels in my boodskappe, want deur die teenoorgestelde uit te wys, kan 'n mens skerp op die waarheid wat jy wil oordra fokus. Een van die eenvoudigste woorde in Afrikaans is in en die teenoorgestelde is uit.

Ek dink aan Covid-tyd en in en uit. Soms kom ons in die kerk bymekaar; soms is eredienste uit. Soms kan kinders skoolgaan; dan is skoolgaan weer uit. Daarmee saam het baie ander dinge in en uit geword:

- Om aanlyn te koop is in – om na winkelsentrums te gaan is uit
- Tuisonderrig is in – skoolgaan is uit
- Internet-oproep is in en groot byeenkomste is uit
- Video's van eredienste of aanlyn-eredienste is in – kerk toe gaan is uit (ten minste vir nou)
- Kopknik-groet is in – drukkies is uit

So kan ek aangaan. Maar ek wonder wat in mense se persoonlike lewens aangaan. As ek na die nuus kyk is drankmisbruik in en kindermishandeling ook. Werksverlies wat met armoede gepaard gaan is in, so ook die verlies aan menselewens; alles sogenaamd as gevolg van Covid.

“Cyber-bullying” is in, 'n gevolg daarvan dat rekenaargebruik noodgedwonge meer geraak het, veral by kinders. Daarmee saam is die getal kinderselfmoord-pogings hoër as in 'n lang tyd, asook “self-harm” onder kinders.

Ons leef nie meer in 'n tyd wat vir ons gewoon is nie; ook nie in 'n tyd waaraan ons gewoond is nie. Ons moet nuut besin oor in en uit. Om nié tyd met God te spandeer nie, is uit, want jy is nou genoeg by die huis om tyd te maak daarvoor. Om nié daardie oproep na jou ma/tannie/oupa te maak wat jy al so lank uitstel nie, is uit; hulle het jou nodig. Om nie met sagte oë na jou familie te kyk nie, is uit. Hulle is mense en maak foute, net soos jy. Om minder om te gee is uit. Om meer te help, met 'n eetdingetjie, 'n warm ding vir die



vrou by die robot of 'n koppie koffie vir die hekwag, is alles in. Om nie te vergewe nie, om jou kwaad te koester, is uit – die lewe is net te kort daarvoor.

Covid het my geleer dat wat in en uit was ietwat geskuif het. Of dalk het Covid net die kollig skerp daarop laat val. Iets wat nou altyd in sal wees, is om vinniger te sê “Ek is jammer” en dit opreg te bedoel. Of “Ek vergewe jou, ek is nie meer kwaad nie”. “Baie dankie” is nog een, so ook “Ek bid vir jou.” En elkeen van hulle moet uit jou hart kom en opreg bedoel word, want dalk het jy nie môre 'n kans om jou foute reg te maak nie.

Wat is in en uit in jou lewe? Maak 'n bietjie jou hart skoon en gooi alles uit wat nie bydra tot 'n positiewe lewensingesteldheid nie. Bring nuwe dinge in jou lewe in – werk aan jou verhoudings met familie en vriende, of sommer net jou “attitude”.

My Oupa het my as kind altyd aan hierdie vers herinner, en dit bly my by:

“Sê net ja, en gaan doen dit. Of sê nee en doen dit. As julle enige iets meer as dit sê om te wys julle praat die waarheid, doen julle verkeerd. Dan praat julle nie soos God wil hê julle moet praat nie.” Matteus 5:37

Mag ons elkeen in Covid-tyd en hierna, 'n wag voor ons mond sit en praat “soos God wil hê (ons) moet praat”.

Groete

Ilze de Villiers